

356 Hill Str.,
Pretoria,
10 Feb., '33.

Waarde van Groot,-

Jou pakkie, wat gister aangekom het, was 'n ware bom! Ek het dadelik uitgeroep: 'n nuwe Simbabwe! Jou brief het eers vanmore aangekom, en het myn belangstelling, wat reeds allerlewendigst was, in vuur en vlam laat ontbrand. Ek het dadelik begin handel. 1) Ek het die hoofd van die Royal Mint gaan sien, om uit te vind of (en hoedanig) die artiekels goud is. Hy sal 'n raport maak. (Hy het dadelik uitgeroep: Simbabwe goud! Vertel my dat Frobenius, die Duitser wat hier rond ondersoek het, hom 'n stukkie goud-blad gebring het van Simbabwe, wat binn na jou vonds lyk. Nou, ons sal hoor, wat die analyse is.)

2) Ek het vervolgens die Dept. van Binnenlandse Sake gevra, wat die posisie van die ontdekker is, in so'n geval: of hy die goud kan hou, dan of dit aan die staat behoort. Hul was nie seker nie (daar is nog die Goud Wet ook!), maar sal ondersoek en my laat weet.

Nou is daar drie punte, wat ek jou binn ernstig op die hart wil bind, eer ons verder stappe neem om die saak grondig te ondersoek: Eerstens, dit is van die allerhoogste gewig, dat daar geen ongeoorloofde en onwetenskaplike gesnuffel moet plaatevind, voor en alser die plek wetenskaplik ondersoek kan word. Simbabwe, b.v. is vandag nog ' raadsel juist omdat daar so binn gouggierige grawers gewees is, wat artiekels stilletjes weggedra het, wat anders die geheim aan wetenskaplike ondersoekers kon verras het. Waar en hoe ' n ding gevind word is dikwels van meer belang als die ding self. Dus moet jy geen snuffelry toelaat, eer ons jou die regte man stuur om dit wetenskaplik te doen.

Tweedens, moet jy versakerd voel, dat ons jou bemoeing in die saak ten seerste waardeer, en ons best sal doen dat jou die

die eer toe kom wat so'n ontdekking sal verdien. Voorts, als daar geld uit te maak is, dan is dit natuurlik alles verjou. Maar op die punt kan ek jou voorlopig nog niks se nie. Dierdens, ek doen reeds myn uiterste om uit te vind, wat die beste manier is, om die saak degelik te laat ondersoek. Als die plek bereikbaar is per motor, sal ek graag self wil kom kyk, hoewel ek self my nie reken as 'n erg bevoegde persoon nie. Dis meer 'n argeoloog, met 'n geoloog om ~~te~~ help, wat nodig is. Tog sou ek graag die plek wil kom verken, ver 'n voorlopige oordeel.

Indien jy nie na Pretoria kan kom ver die naweek, laat my dan weet, hoe ek jou kan bereik, hoe die plek te bereik is, (oor Messina, of noe?) ^{afstam} /ens.ens., en dan kan ons mekaar van aan gesig tot aangesig beter uitnoor als per brief. Ek kan nog tot 26 feb. los wees. Daarna begin die klasse. Laastens, ons wil main graag die ondersoek deur die T.U.K. laat doen, als dit moegelik sou blyk. Die ou Kollege het sulke sware slae gehad, dat dit 'n pluimpie sal wees, wat haar eer mag toebing.

Alles wat jy my laat weet sal ek als vertrouwelik beskou, indien jy dit verlang. Die Goud-stukke wil ek graag laat fotografeer, omdat dit dan maklik is om die fotos rond te wys, terwyl die dinge self veilig gehou moet worde. Sodra dit gesaan is, stuur ek alles aan jou terug, tensy jy verkies dat ek dit hier hou, '(In 'n brandkas) ^{om} ver ^{te} ondersoekers. Dit sal miskien main tyd spaar. Maar dan moet jy my uitdrukkelik die reg gee, om dit hier te bewaar. Anders is ek bang ver die verantwoordelikheid.